Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

OKTOBER 2017

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

GESTEELDE KRANE LEI TOT WATERVERMORSING

Diewe wat huise teiken en kraantoebehore steel, doen weer die rondtes in die Overstrand.

Gedurende Augustus het verskeie voorvalle plaasgevind waar koperkrane en toebehore van privaateiendomme gesteel was.

Behalwe vir die diefstal van die watermeters en krane, is die waterverspilling te midde van 'n droogte, kommerwekkend.

Daar word geglo dat diewe krane steel om as skrootmetaal te verkoop. Kaptein Fadila September van SAPD Hermanus het 'n streng waarskuwing gerig aan skrootwerfeienaars wat gesteelde koperitems koop.

Inwoners word aangespoor om die Munisipaliteit by te staan deur enige waterlekkasies, gebarste pype, onwettige verbindings, geblokkeerde rioolafvoerpype, watertoevoeronderbrekings en enige ander waterverwante kwessies, gedurende kantoorure (07:45 - 16:30) aan die verskillende administrasies by die volgende nommers te rapporteer:

Kleinmond:	028 271 8400 of 028 271 8465
Hermanus:	028 313 8000 of 028 313 8196
Stanford:	028 341 8500 of 028 341 8516
Gansbaai:	028 384 8300 of 028 384 8328

Na-uurse dienste is gesentraliseer en al die bogenoemde nommers sal outomaties na Overstrand se 24-uur-beheerkamer (028 313 8000/8111) herlei word.

In die geval van oorstromings en ongelukke in die Overstrand-gebied, kan die Brand- en Nooddienstenommer (028 312 2400) gebruik word. Vir alledaagse wetstoepassingsklagtes, skakel 028 313 8980.

Hoe weet ek of daar 'n waterlek op my eiendom is?

Dit is moontlik om 'n ondergrondse lek op u eiendom te hê en onbewus daarvan te wees, totdat u 'n baie groot waterrekening ontvang. As u 'n waterrekening ontvang wat buitengewoon hoog is, is dit dalk as gevolg van 'n lek.

Om te toets of daar 'n lek op u eiendom is, probeer die volgende:

- Draai al die krane in u huis toe.
- Vind u watermeter. (Dit is buite u huis, moontlik op die grens.)
- U meter sal 'n ry nommers hê.
- Kontroleer die meter vir die beweging van die nommers; indien daar geen sigbare beweging is nie, doen dan die volgende:
- Neem 'n meterlesing deur al die nommers op die meter neer te skryf.
- Lig al die mense op die eiendom in om vir ten minste een uur nie water te gebruik nie. Dit kan ook oornag gedoen word (moenie die toilet gedurende die aand spoel nie!)
- Neem daarna 'n tweede meterlesing; indien die lesing verhoog het, is daar 'n lek. Die getalle op die meter beweeg om watervloei te meet, so as hulle beweeg het, is daar 'n lek.

HAWSTON-BIBVIER FEES OM 30 JAAR TE GEDENK

Die Hawston-biblioteek is vanjaar 30 jaar oud en vier fees om hierdie mylpaal te herdenk.

Die amptelike feesviering het Maandag, 4 September, by Hawston Primêr afgeskop waar die rol wat die Hawston-biblioteek oor die 30 jaar in die gemeenskap gespeel het, by monde van die voormalige en huidige personeel in herinnering geroep is.

Voor van links na regs: Francois Myburgh (areabestuurder: Gansbaai Administrasie), Julius Swart (Skoolhoof), Don Kearney (areabestuurder: Hermanus Administrasie), Phillipus May (eerste bibliotekaris en voormalige raadsheer), Christine Marais (eregas) en raadslid Elnora Gillion.
Agter: Belinda May (bibliotekaresse), Ronel Salies (Thusongbestuurder wat voorheen by Hawston biblioteek gewerk het), Francina Philander (biblioteekassistent), Lucelle Wyngaard (biblioteekassistent), Christopher Bruintjies (algemene werker) en Hillary Wessels (biblioteekassistent)

Dit was Phillipus May se groot droom om 'n biblioteek vir die Hawston-gemeenskap - en veral die leerders wat daar skoolgaan en nie toegang tot 'n biblioteek het nie - tot stand te bring. "Kinders moes destyds na Mount Pleasant vervoer word om boeke uit te neem," vertel Phillipus. Ná harde werk agter die skerms en vele pleidooie aan die Provinsie en Hawston se gemeenskapsleiers, het hierdie droom van hom in Augustus 1987 waar geword toe Hawston-biblioteek se deure vir die eerste keer oopmaak, en hy as bibliotekaris aangestel is. "Om nie te kan lees nie, is 'n verskriklike ding. Jy is afhanklik van ander vir 'wat staan hier' en 'wat is die prys van hierdie produk'? Ek hoop julle besef dat die biblioteek 'n belangrike rol in jul lewens kan speel. Neem deel aan die gratis aktiwiteite wat die biblioteek aanbied, doen navorsing, lees na oor jou take en vra vir leiding," het hy aangemoedig. Rdl Elnora Gillion, wyksraadslid vir Wyk 8, sê dat leerders bevoorreg is om geleenthede te kry om hulself te verbeter. "Begin lees, vat die eerste stap. Moenie dié geleentheid wat hier is, van die hand wys nie. Kyk 'n bietjie minder TV en speel 'n bietjie minder op jul selfone. Aanvaar verantwoordelikheid vir jouself en wat jy met jou lewe wil maak." "As jy eendag êrens heen vlieg is dit belangrik om jou rigting in die lughawe te kan vind; om op te kyk en te lees waarheen jy moet loop," het sy bygevoeg. Hawston Primêr se skoolhoof Julius Swart het by haar aangesluit deur te sê dat die kinders nie moet moed verloor omdat hul ouers nie geld of geletterdheid het nie. "Kom weg van hierdie mindset dat julle elk geval nêrens heen kan gaan omdat daar nie geld is vir verdere studies nie. As jy hard werk en jou vakke deurkom, is daar beurse beskikbaar." "Natuurlik is dit nie maklik as ma en pa voldag werk en nie by die huis is nie. Dit is natuurlik nie maklik as julle by ouma moet grootword nie - 'n ouma wat dalk na graad 2 uit die skool is en julle nie met huiswerk kan help nie. Natuurlik is dit nie maklik as daar nie geld is vir 'n koerant of 'n paar tydskrifte nie - maak gebruik van die biblioteek se diens en leiding." Hy het bygevoeg dat Hawston Primêr nou in die bevoorregte posisie is, om 'n eie biblioteek te hê. "Maar ons het nog steeds 'n goeie vennootskap met die groot biblioteek. Dankie tannie Belinda vir jou ondersteuning, leierskap en vennootskap. Julle help ons kinders steeds, al het ons skool nou ook 'n eie biblioteek." Bibliotekaresse, Belinda May, het die verrigtinge afgesluit deur te sê dat sy en haar personeel bevoorreg is om deel van 'n span te wees wat die afgelope paar jaar verskeie toekennings ingepalm het. Hawston-biblioteek is o.a aangewys as Beste Openbare Biblioteek: Kinderdienste en het ook geskiedenis gemaak toe hulle 'n Ministerstoekenning gekry het vir uitstekende werk gelewer aan kinders. Sy het ook vertel van die fantastiese vakansieprogramme wat hulle vir kinders aanbied. Gedurende die afgelope winter vakansie, is daagliks tussen 200 en 250 kinders besig gehou. Sy het die Areabestuurder, Don Kearney (onder wie die biblioteke val), bedank vir sy ondersteuning.

GROENSTE MUNISIPALITEIT-KOMPETISIEBEOORDELAARS BESOEK OVERSTRAND

Die beoordelaars van die Afvalbestuurskategorie van die 2017 Groenste Munisipaliteit-kompetisie (GMK) het 'n warm verwelkoming ontvang toe hulle Woensdag, 23 Augustus 2017, die Overstrand Munisipaliteit besoek het.

Overstrand het verlede jaar 'n algehele derdeplek onder die Wes-Kaap se Groenste Munisipaliteite behaal, en is vir die sesde keer aangewys as wenner in die kategorie vir Afvalbestuur.

Johan van Taak, Overstrand Munisipaliteit se koördineerder vir die kompetisie en die munisipaliteit se Vaste Afvalbestuurder: Beplanning, het gesê dat Overstrand nog altyd 'n ywerige deelnemer aan die kompetisie was. Hierdie kompetisie help die munisipaliteit om op dinge te fokus wat regtig saak maak, en help om die kwaliteit van ons omgewing en die kwaliteit van lewe te verbeter, het hy bygevoeg.

Die beoordelingspaneel het bestaan uit Gregg Adams en Therina Oberholzer van die Provinsiale Departement van Omgewingsake. Die paneel het 'n vraag- en antwoordsessie met Johan van Taak en Adjunkdirekteur van Infrastruktuur en Beplanning, Hanré Blignaut gehad, voordat hulle terreinbesoeke aan vaste afvalfasiliteite en -aktiwiteite oor die Overstrand-gebied onderneem het.

Die wenners van die kompetisie sal in November 2017 aangekondig word. **#GreenestMunicipalityCompetition**

FICK SE POEL ONTWIKKELING BEGIN EERSDAAGS

Ten spyte van 'n paar haakplekke wat oor 'n tydperk ondervind is, het Overstrand Munisipaliteit 'n huurooreenkoms aan Tasoclox (Edms) Bpk toegeken, om die gebied in en om Fick se Poel te ontwikkel. Hierdie ± 5 300m² stuk grond is in Westcliff, Hermanus geleë, en is vir die spesifieke doel om 'n restaurant te ontwikkel en te bedryf, beskikbaar gestel. Ook hierby ingesluit, is die instandhouding van die getypoel en die opgradering van die ablusiegeriewe op die eiendom, oor 'n 20-jaar huurkontrakperiode.

Ontwikkeling sal 'n aanvang neem, sodra die huurooreenkoms gefinaliseer en onderteken is.

Toegang tot die terrein en ablusiegeriewe bly oop vir die publiek.

Sit maandeliks hand by vir die Internasionale Kusopruimingsveldtog

Kom ons hou rommel van ons strande af en uit die see, deur twee keer te dink voordat u plastiekstrooitjies gebruik. Kom ons wees meer bewus van waar sigaretstompies gegooi word. Kom ons raak in die gewoonte om herbruikbare inkopiesakke saam met ons te dra.

Kom ons almal doen ons deel om ons omgewing skoon te hou. Kom ons pas ons omgewing op en red die planeet - een sak op 'n slag!

WAAROM?

Want wat in 'n vis se maag opeindig, kan ook die aandete op u bord word!

Toegewyde natuur-entoesias, Sue-Ann Schutte, verduidelik dit die beste in die George Herald: "Plastiek is van chemikalieë gemaak wat giftig is vir die seelewe en vir ons. Plastiekbesoedeling raak meer as 600 spesies seediere en Suid-Afrikaanse seevoëls is onder dié wat die ergste in die wêreld geraak word."

VERGAAN VAN DIE HONGER

"Genoeg plastiek word elke jaar weggegooi om vier keer om die aarde te sirkel. 'n Gewone plastiekhouer wat nie-bioafbreekbaar nie is, kan enige iets tussen 50 en 100 jaar neem om te ontbind, en sommige sal nooit ontbind nie.

"Besoedeling op strande het ernstige sigbare uitwerking op die omliggende omgewing, maar wat die meeste mense nie sien nie, is die uitwerking daarvan op seediere en hul ekosisteme. Van alle soorte besoedelende stowwe wat deur middel van rommelstrooi in die mariene-omgewing beland, is plastiek die ergste.

"Natuurlik word seediere geraak deur rommelstorting op strande wat in hul omgewing beland. Aangesien die meeste marienesoogdiere nuuskierig van aard is, sal hulle deur plastiek en tou swem om dit van naderby te bekyk en dit kan uiteindelik wrede beserings of dood veroorsaak.

"'n Meer dodelike manier waarop rommel seediere beïnvloed, is deur inname. Selfs baie klein diere sal klein stukkies plastiek inneem wat na niks anders as plankton lyk nie, as gevolg van hul klein grootte. Die ergste tragedie is dat die dier versadig voel deur onverteerbare materiaal te eet, en uiteindelik van honger sal sterf".

"Seevoëls is van nature nuuskierig en sal enigiets eet. Een van die grootste probleme waarmee ons gekonfronteer word, is wanneer seevoëls viskoppe eet wat nog 'n hoek in die mond het, en dikwels aan 'n lang stuk vislyn en 'n sinker gekoppel is", sê Schutte.

Daar sal langs Overstrand se kus opruimingsgroepe wees wat maandeliks hul deel vir die omgewing doen. Waarom sluit u nie van 08:30 tot 11:30 by een van die skoonmaakgroepe aan, by 'n strand naby u nie?

Vir meer inligting oor opruimings op ons strande, skakel Antonio da Silva-Swart by 072 462 4274; Petro by 079 807 9726 of Walviskusbewaring by 028 316 2527. Almal is welkom om aan die strandopruimings deel te neem. #TeamUpToCleanUp #WasteStopsWithMe

Omgewingsimpak van voedsel

Deesdae is meer en meer mense bewus van die omgewingsimpak wat ons leefstyle op die planeet het. Die meeste mense besnoei op fossielbrandstowwe, koop 'n meer brandstofdoeltreffende motor, gebruik openbare vervoer waar moontlik of bestuur hul afvalwater, maar die meeste van ons is salig onbewus van hoe ons voedselkeuses ook die omgewing raak.

Veeproduksie is bekend daarvoor dat dit 'n ernstige impak op die planeet het - dit affekteer lug- en waterkwaliteit, oseaangesondheid en is die grootste landgebruiker ter wêreld.

Die aanteel van vee is verantwoordelik vir ongeveer 20% van die globale kweekhuisgasvrystellings. Wetenskaplikes in verskeie lande het die impak op grond, besproeiingswater en kweekhuisgasvrystellings van verskillende landboukategorieë, naamlik koring, suiwelproduksie, ens. bestudeer, en gevind dat die produksie van beesvleis 28 keer meer grond benodig as vark-, suiwel- of eierproduksie, het 11 keer meer water gebruik en het 5 keer meer kweekhuisgasvrystellings tot gevolg gehad.

Aangesien Suid-Afrika 'n waterskaarsland is, het hierdie syfers baie betrekking op ons. Wanneer jy ontdek dat dit sowat 2 400 liter water neem om 'n 150g biefburger te maak, is beesvleis dalk een van die eerste items waarop jy moet besnoei, eerder as om net elke tweede dag 'n tweeminuut-stort te neem? Vir verdere besonderhede kontak Fiona Matthes by die Facebook-skakel @rethinkthebaghermanus of per e-pos, Fiona.econatural@gmail.com.

Rapportering van foutiewe straatligte

Inwoners kan foutiewe straatligte, tydens kantoorure (07:45 - 16:30), by die volgende nommers rapporteer:

Hermanus administrasie:	**028 313 8000/8111 of 028 316 2630**
Kleinmond administrasie:	**028 271 8400 of 028 271 8484**
Gansbaai administrasie:	**028 384 8300 of 028 384 8358**
Stanford administrasie:	**028 384 8500 of 028 384 8376**

Enige fout wat buite normale werksure voorkom, moet aan die 24-uur-beheerkamer by 028 313 8000/8111, of per e-pos aan enquiries@overstrand.gov.za gerapporteer word. Let wel, e-posse sal tydens kantoorure aandag geniet.

Inligting benodig om 'n vinnige reaksie te verseker:

- **Besonderhede van probleem**
- **Fisiese adres**
- **Naaste straathoek vanaf foutiewe lig**

U BESONDERHEDE VERANDER?

Onlangs verhuis of van telefoon verander?

Het u onlangs verhuis en u adres verander, of het u 'n nuwe selfoonnommer? Onthou asseblief om die Munisipaliteit van hierdie veranderings in kennis te stel en u nuwe besonderhede aan hulle te voorsien.

Die versoek om inligting te verander of op datum te bring, moet skriftelik en nie telefonies gedoen word nie. Veranderings kan ook na enquiries@overstrand.gov.za gestuur word.

Alternatiewelik, kan u 'n kliëntediensbeampte besoek by die administrasie naaste aan u, om te verseker dat u inligting opgedateer word:

KLEINMOND:	5de Laan 33, Kleinmond of Privaat Sak X3, Kleinmond 7159. Tel: 028 271 8400
HERMANUS:	Magnoliastraat, Hermanus of Posbus 20, Hermanus 7220. Tel: 028 313 8000/8111
STANFORD:	Queen Victoriastraat 17, Stanford of Posbus 84, Stanford 7210. Tel: 028 384 8500
GANSBAAI:	Hoofweg, Gansbaai of Posbus 26, Gansbaai 7220. Tel: 028 384 8300

U kontakbesonderhede sal as vertroulik hanteer word en sal aan niemand bekendgemaak word nie.

ZUILL BAILEY VAN VSA BESOEK OVERSTRAND

Zuill Bailey, wat tans die beste tjellis in die wêreld geag word, sal op Sondagmiddag, 29 Oktober, vir Overstrand-musiekliefhebbers optree!

OVERSTRAND ARTS/KUNSTE (OAK) is bevoorreg om hierdie vooraanstaande solis in konsert aan te bied. Hy is tans Professor van Tjello aan die Universiteit van Texas in El Paso en beklee tegelykertyd verskeie ander posisies.

Hy sal die volgende werke uitvoer: Sonate in C Majeur deur Boccherini; Sonate nr 4 deur Beethoven; Paganini Variasies deur Piatigorsky, asook Daugherty se Concerto.

Kaartjies gaan vining uitverkoop, dus moet jy vroegtydig bespreek om teleurstelling te voorkom.

Die konsert sal in die Burgerlike Ouditorium in Hermanus plaasvind en sal om 15:30 begin. Vir besprekings kontak die TOERISMEKANTOOR by 028 312 2629. Kaartjies is R140 elk en R60 vir studente. Vir verdere besonderhede, kontak René du Plooy by 082 940 4238 of 028 312 1895.